DSPACE

https://dspace.org/

# Die Hollandse en afrikaanse letterkundige tydskrifte van Suid-afrika, 1824-1940

**Combrinck, Wilhelmus Gerhardus**

**2015-02-13**
http://hdl.handle.net/10539/16995

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

Engelse taal en gewoontes. Die ooreenkoms van 1839 is skandelik verbreek en manne soos Pannevis, Mansfelt en Changuion het gewys op die verwaarlosing van Hollands in die skole.

Op maatskaplike gebied het dit ook haglik gegaan met die koloniste. Daar was geen mark vir hulle produkte nie. Verder was hulle geweer uit alle goewermentsposte omdat hulle geen Engels geken het nie. Die taal van een-tiende van die bevolking het die botoon gevoer. Die verengelsing van die Afrikaner het vinnig toegeneem. Engels was meer deftig en beskaafd, want op skool is daar gedurig vir die kinders geleer dat hulle nie eers 'n beskaafde taal het nie. Dit is daarom dat die Patriotmanne uitgeroep het:

„Afrikaanse families in Engels gesprek,
Afrikaanse predikante wat Engels inbring.
Engels! Engels! Alles Engels! Engels wat jy siet of hoor;
In ons skole, in ons kerke word ons moedertaal vermoor.
Ag hoe word ons volk verbaster, daartoe werk ons leraars saam."

Maar die bloeiende skool van die Changuion het bewys dat daar nog baie Afrikaners was wat nie verengels het nie. Die verengelsing was net oppervlakkig by die meeste Afrikaners.

Die ontnugtering het gekom en veral toe die diamantvelde van die Vrystaat deur onwettige wyse ingepalm is.

Die optrede het baie flouhartig begin en het meer die vorm van plaaslike griewe aangeneem in koerante. Maar dit het verdere slapende griewe wakker gemaak oor die onreg wat Hollands aangedoen is.

## DIE ONTSTAAN VAN AFRIKAANS.

Hoog Hollands het as spreektaal in S.A. stadig verdwyn. As skryftaal het dit nog die tradisie gebly in die kerk, tydskrifte en koerante, terwyl die skryftaal van die volk 'n soort van gemengde Hollands en Afrikaans was.

Die/...

Die onmag van Hollands om kragdadig die verengelsing die hoof te bied tussen die jare 1840 tot 1870, het vooraanstaande Afrikaners laat besef dat die voortbestaan van Hollands die dood van die Afrikaanse kultuur sou meebring. Die Afrikaners was Hollands net so onmagtig as Engels.

Dit is aan Arnoldus Pannevis, die taalgeleerde en onderwyser in tale aan die Paarlse Gimnasium, te danke dat Afrikaans tot sy waarde sou kom as geskrewe taal. Dit het hom egter jare geneem om sy intieme vriende, ds. S.J. du Toit, mnr. D.F. du Toit (Oom Lokomotief), mnr. C.P. Hoogenhout e.a. te oortuig dat Afrikaans 'n doeltreffende taal is.

In Mei 1875 - drie maande voor die oprigting van die G.R.A. het dr. Brill sy beroemde voorlesing oor Afrikaans gehou en bewys dat Afrikaans 'n wetenskaplike taal is wat streng die taalwette volg waaraan al die Europese sowel as ander tale hulle hou.

Die voorstanders van Afrikaans het hierdie toespraak as wapen gebruik teen hulle teenstanders.

Op Saterdag 14 Aug. 1875 is 'n geheime vergadering gehou in die huis van Gideon Malherbe deur ds. S.J. du Toit, C.P. Hoogenhout, G.J. Malherbe, D.F. du Toit (Oom Lokomotief) D.F. du Toit (Dokter), P.J. Malherbe (Borrie), A. Ahrbeck en S.G. du Toit. Die vergadering was oorspronklik belê om die vertaling van die Bybel in Afrikaans te bespreek, 'n daad waarvoor Arnoldus Pannevis voor verantwoordelik was, want hy het by die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap die vertaling van die Bybel in Afrikaans aanbeveel en ds. S.J. du Toit se naam genoem as die geskikste persoon daarvoor. Hulle het die Genootskap van Regte Afrikaners gestig. Hulle was nie dieselfde mening toegedaan as Pannevis nie. Die volk moes eers versoen word met die taal en later kon die Bybel vertaal word.

Die strewe van die Genootskap was om die nederige gesproke taal van die Afrikaners tot letterkundige taal te verhef en

Nederlands/...

Nederlands te vervang. So 'n daad was opstand teen die erkende Hollandse taaltradisie en was 'n waagstuk. Dit het agteruitgang beteken want Afrikaans as geskrewe taal het met niks begin wat betref kultuurskatte nie.

Die program van ds. S.J. du Toit, die leier, is uitgevoer met die leuse: „Om te staan vir ons taal, ons nasie en ons land" en die volkslied „'n Ieder Nasie het sy Land".

„Ons eerste werk sal wees om alle maande 'n blad uit te gee met die naam „Die Afrikaanse Patriot". Die blad het sy eerste verskyning op 16 Jan. 1876 gemaak. Die doel van die blad was om die belange van die Afrikaners op politieke, maatskaplike en letterkundige terrein te behartig en ook om Afrikaans te bevorder.

Die voor- en teenstand was natuurlik hewig en hartstogtelik. „Dit is geen taal", „Dis Hotnotstaal", „Dis de pure spotterny", „Ons praat nie soo nie" was die argumente daarteen. Engelse en Hollandse blaaie soos "De Zuid-Afrikaan", „Cape Times", „De Volkstem", „Express" en „Cradockse Afrikaan" het almal tevelde getrek teen en gespot met „Di Patriot".

Maar hierdie teenstand het die Patriotmanne net verhard. Die wederregtelike anneksasie van die Transvaal in 1877 was 'n verdere stoot vir die beweging.

Voor die stigting van die G.R.A. het daar al Afrikaanse geskrifte verskyn. Maar nou beywer die G.R.A. hulle vir 'n eie nasie met 'n eie taal en daarom moet die Afrikaners nasiebewus gemaak word.

Die voorstanders van Hoog Hollands het ook nou wakker geskrik. J.H. Hofmeyr (Onze Jan) stig weer 'n Hollandse tydskrif. H.Z.A.T. 1878 om Hollands as die taal van S.A. erken te kry en te bevorder. Toe die Z.A.T. nie die gewenste resultate gelewer het nie, het manne soos prof. Moorrees, ds. A louw, J.H. Hofmeyr 'n kongres in 1890 in die Kaap belê. By hierdie geleentheid

het/...

het hulle die Z.A.Taalbond in die lewe geroep om die bevordering van die Hollandse taal met meer geesdrif voort te sit en die Z.A.T. sou dan dien as die orgaan van die Taalbond.

Ds. S.J. du Toit het vir daardie kongres sy pleidooi „Afrikaans, ons Volkstaal. 71 Theses of Stellinge" opgestel wat te laat gekom het vir die kongres. Sy pleidooi vir Afrikaans by hierdie geleentheid het dus op niks uitgeloop nie.

Op die twintigste verjaardag van die G.R.A. is besluit om 'n Taalkongres te hou om te oorweeg of die tyd nie ryp was om „Afrikaans tot offici'ele taal erken te kry in die plek van Hollans -- en deur welke weg en deur watter middels „di doel bes bereik kan worde". (Voorwoord: Afrikaans ons Volkstaal 71 Theses of stellinge). Dis Taalkongres is in die Paarl gehou op 15 en 16 Januarie 1896 onder voorsitterskap van ds. S.J. du Toit. Op die kongres was ongeveer 100 verteenwoordigers en daar sou nog meer gewees het was dit nie vir die Jameson Inval in die Transvaal nie.

Op die kongres is besluit dat 'n taal tussen Hollands en Afrikaans ondoeltreffend sal wees en hulle het besluit dat die Afrikaanse Taalkongres sig verklaar ten gunste van die beginsel „skryf soos jy praat". (O.K. Maart 1896 Notule.)

Dit het ook al lankal geblyk dat Di Afrikaanse Patriot as party-politieke koerant nie die doeltreffendste middel is om van hart tot hart met die huisgesin te spreek nie. Maar die Genootskap het hulle hande vereers vol gehad om die Patriot te bekostig, so moes die behoefte vir 'n beter middel voorlopig opsy geskuif word."

Met die sitting van die Eerste Taalkongres is die behoefte aan 'n tydskrif bespreek en mnr. P. Scholts het voorgestel: „Die vergadering is van gevoel dat 'n kommissi uit haar midde benoem worde (a) Om 'n tydskrif maandeliks uit te gé, en prenteboekiis te laat publiseer, en (b) om geld by een te bring

ver di/...

ver di doel". Die kommissie het bestaan uit proff. Cachet en Postma, di. Snyman, M. Postma, F.S. en S.J. du Toit.

Op 16 Januarie „beveel di kommissi an, dat di Kongres 'n kommissi benoem om 'n Afrikaanse tydskrif uit te gé al maande met di doel om ons Afrikaanse letterkunde an te kweek en ons nasi te ontwikkel". Op voorstel van prof. Cachet word besluit om die nuwe tydskrif „Ons Klyntji" te noem. Ds. S.J. du Toit sou die redakteur wees en die blad sou hom nie met Partypolitiek bemoei nie en hieraan het hy getrou gebly.

In Maart 1896 maak „Ons Klyntji" sy verskyning. „Met hartkloppings waag ek dit om fer di eerste maal di drempel fan di deur o'r te stap, omdat ek self goed weet hoefeul daar nog an my ontbreek. As ek self ni goed sou weet ni dan sou daar frinde genoeg wees om my dit te vertel, want di tyding dat ek an kom was, het al heelwat aanmerkings opgewek."

Myn doel is:- di lus en liifde fer ons moedertaal op te wek en aan te kweek. Ek kan ni anders praat as ek geleer het en dit is Afrikaans. Ek sal ni preek ni, dit kan ek oek ni maar myn opvoeding sal ek, hoop ek, ni fergeet ni. O'er poletiek sal ek ni praat nie, maar as daar miskien 'n woordji ontfal, denk dan mar dat 'n jonge mens partykeer onfersigtig is."

Met die leuse: „Klein begin, aanhou win," het die tydskrif begin met 'n ledetal van 750 en binne 'n jaar het dit gestyg tot meer as 2,700.

C.P. Hoogenhout rig 'n „Welkomsgroet an Ons Klyntji

„Welkom „Klyntji" is jy daar?
Ons het lang op jou gewag!"

Meer en meer het die Afrikaanse spreektaal die skryftaal geword, en die teenstanders, die Hollandse en Engelse blaaie het magteloos gestaan alhoewel die stryd voortgeduur het. Die sukses van die Z.A.T. en Ons Tydschrift was matig vergeleke teen „Di Patriot" en „Ons Klyntji". Waar die Hollandse tydskrifte

moeite/...

moeite ondervind het om bydraes te kry, het Di Patriot en Ons Klyntji te veel ontvang. Ons Klyntji het meesterlik daarin geslaag om vir die jonggeslag en minderbevoorregtes leesstof te verskaf en leeslus en liefde vir die Afrikaanse taal op te wek. Daar is altyd uitgesien na die koms van die tydskrif en „die ouers wou dit voor die kinders en die kinders voor die ouers lees".

## DIE INHOUD.

.Wat die inhoud betref is die verhale die vernaamste in „Ons Klyntji". Die eerste vier jaargange bied 'n treffende verskeidenheid. Die redaksie word so oorval met stof dat daar nie geskroom word om minderrangse werk van die hand te wys nie. So bv. het die redakteur verhale van Uilspieël en Baron von Münchhausen geweier omdat dit nie oorspronklike Afrikaans is nie.

In die Junie 1896 uitgawe meld die redakteur: „Ons doel is om Afrikaanse skrywers en dus 'n Afrikaanse letterkunde te form. Daarom sal ons di bekroonde prysfrage opneem en fan di ander opstelle oek sofeul as dit wêrd is. Op di maniir hoop ons goeie stukke te kry. Di Patriot het honderde geleer om te skrywe fer 'n koerant. Ons Klyntji moet tientalle leer om goed te skrywe. Daarom sal op taal en styl net so gelet word as op die inhoud. Alles suiwer Afrikaans - form en inhoud."

'n Vurige leeslus en skryflus het losgebreek in die beginjare van die tydskrif. Die redakteur word oorlaai met verhale en gedigte. Baie skrywers sluit stukke in wat alreeds gepubliseer is in ander tydskrifte, terwyl ander net eenvoudig Hollandse verhale en gedigte vertaal het, sodat die redakteur in O.K. Maart, 1899 kla daaroor: „Frinde hou tog op met di lollery, ek wil tog ni oue kos opwarm fer myn lesers ni;

en kryg/...

en kryg ek nou so 'n ou stuk, dan kos dit my partykeer 'n hele boel moeite om te gaan rasoek waar en wanneer dit al froeger ferskyn is."

Om genoeg goeie verhale te kry het die redaksie ook gebruik gemaak van prysvrae. Hierdie prysvrae het aangehou solank die tydskrif bestaan het.

'n Hele aantal romans en langer verhale het verskyn as vervolg verhale soos bv. „Di Koningin fan Skeba; "(S.J. du Toit), "Jakob Platji"; (C.P. von Wielligh), „Di Roosknoppi" (D.P. du Toit), „Di Afguns Duiwel, Di Baas Duiwel" (J.L. Cachet); „Di Merkwaardige Fo'eltjiis of Liifde Beloond"(J.L.); „Deur Hoogmoed misly" (M.H. Neser); „Di Drie Broers" (Jepete); „Liifde en Oorlog" (Anoniem S.J. du Toit).

Van die kortverhale is baie bekroonde prysvrae, Vir „Grappige en leersame ferhale", „Beste dire storiis en oorlogsverhale".

Die gedigte staan ver agter die prosa van die tydskrif. Baie versies en liedere is op musiek geset.

Die „Taal en Taalkunde" rubriek is van die begin af geplaas in O.K. Daar word veel oor die Afrikaanse spelling geskryf en dit help om die taal te verbeter en te ontwikkel. Onderwerpe soos spreekwoorde en spreekwyse word behandel deurmiddel van prysvrae; en ook „Ferklarings van 'n Aantal freemde woorde wat soms foorkom". In O.K. VII word die Patriot Woordeboek aangekondig. S.P. die medewerker wat verantwoordelik was vir Pratjies o'er di Natuur (O.K. Maart 1896 tot Okt. 1897) is 'n praktiese leermeester: „Al die lesers het ni di voorreg gehad om di dinge in di skool te leer nie".

Die Natuurpraatjies - behandel op populêr wetenskaplika wyse onderwerpe soos Hemelliggame, Kragte van die Natuur, die Son,

die maan, die telefoon ens.

„Krummels"is 'n nuttige en algemene kennis rubriek.

„Raaisels" was meer bedoel vir die jongspan en om hulle in die blad geinteresseer te kry.

„Geselsery met ons lesers" is die redaksionele kolom wat die lesers op hoogte hou met besluite en aan medewerkers duidelik maak wat verlang word en wat oorspronklike werk is e.s.m. Verder was daar artikels oor „Wondere fan di Sterrehemel" (O.K. Nov. 1898 tot Mei 1900) „Hoe wonderlik ons gemaak is" (O.K. Sept.-Des. 1896) Di folke fan di Aarde (O.K. April-Okt. 1899).

Belangrik is ook vanuit 'n volkskundige oogpunt die versameling van Afrikaanse Volksliedjies.

MEDEWERKERS EN BYDRAES.

1. FROSA.

Die meeste van die medewerkers het alreeds bydraes tot Di Patriot gelewer.

Ds. S.J. du Toit, die forse leier van die G.R.A. en redakteur van O.K. se historiese roman „Di Koningin fan Skeba," of „Salomo syn oue Goudfelde in Sambesis" was 'n belangrike bydrae en het daartoe gehelp om respek vir Afrikaans af te dwing, en die doeltreffendheid van Afrikaans as skryftaal te bewys. Veral die suiwerheid van taal en styl en die realistiese beskrywings is verrassend en het die Afrikaners geleer om te waardeer wat hulle eie is. Ons vind hierin ook egte volkskuns.

Hierdie avontuurlike reisverhaal verbind met die romantiek van die Koningin van Skeba is die ligpunt in die Eerste Afrikaanse Taalbeweging en die voorloper en prikkel vir baie van die romans wat later sou volg soos die van J.H.H. de Waal e.s. Op die voorbeeld van D'Arbez het du Toit die historiese

roman/...

roman in Afrikaans begin. Volgens Lydia van Niekerk en dr. P.J. Nienaber is die vervolg verhaal „Liifde en Oorlog" ook uit die pen van ds. S.J. du Toit. Hieruit blyk sy simpatie vir die teenstander (Engeland) van die republieke.

Volgens dr. Abel Coetzee (Verhaalskat van „Ons Klyntji") is „Winteraand Storiis fir Afrikaanse kinders", wat naamloos verskyn, ook van die redakteur soos blyk uit die woordskat en beeldspraak.

Die verhaal pas aan by die volksgeloof en die verhaaltrant is meer dié van die volksverteller.

CACHET: het onder die skuilnaam van Oom Jan geskryf en ook sy werk kan net soos ds. S.J. du Toit s'n as volkskuns van 'n hoër gehalte beskou word.

„Die Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het" waarvan „Di Afguns Duiwel"en „Di Baas Duiwel" in O.K. II en III verskyn het, is behalwe die boeiendheid van die leesstof van sterk sedelik-didaktiese aard. Die Drankduiwel, Di Praatduiwel, Di Spogduiwel, Di Liegduiwel en Di Geldduiwel het in Di Patriot verskyn. Dit was sielevoedsel vir die volksmens, wat hierdie soort verhaal baie geniet het.

G.R. VON WIELLIGH het onder die skuilnaam Hans Kaapnaar; „Jakob Platji of Sketse van Hotmots en Boesmanslewe in S.A." geskryf. Dit gee 'n beeld van die komieklike lewe en taal van die kleurlinge. As geheel openbaar dit gebrek aan eenheid. Dit is los sketse en verhale met 'n dun draadjie aanmekaar gekoppel. Met „Smoor kossiis fan Oom Kool" (O.K. 1906) word op 'n oortuigende manier en lekker geselstrant die onmoontlike avonture van Oom Kool vertel.

Van Van D.P. du Toit verskyn „Di Roosknoppi (O.K. I & II) een van die bekroonde prysverhale. Dit is 'n baie droë liefdesverhaal. Die enigste aanvalligheid in die storie is die simpatieke voorstelling van die lieflike Anni.

'n Historiese/...

'n Historiese verhaaltjie wat baie byval gevind het was „Die Slag van Amajuba" (O.K. I) deur S. Veldkornet Roos speel die helderol daarin.

In Ons Tydschrift het daar al 'n skets van Neser verskyn „Gaat Nooit in den Regen Vryen" (Dl. 1 bl. 202). Sterk fantasties is die allegoriese stukkie „'n Droom" (O.K. Des. 1897.)

Sy twee novelles „Wat Geld kan doen" (1898) en „Deur Hoogmoed Misly" is romantiese verhale in die Scott en Van Lennep styl. Verrassing en toeval kom gedurig in die verhale voor en die karakters word uiterlik beskryf. Tog was dit aangename ontspannings leesstof in sy tyd en is dit met gretigheid verslind. Dit was die soort van leesstof wat die mense wou hê en ongetwyfeld het Neser ook baie gehelp om die Afrikaners tot leeslus aan te spoor.

„Lente Liifde" (1898) is 'n gevoelvolle siening van die natuur en in digterlike prosa geskryf. Sy Afrikaans vir daardie tyd is bewonderenswaardig.

Sy ander sketse „Troue Liifde" (1898), „Hessi Vermack en haar Vryer (1898) en „Groot Geskrik" (1899) bevat ook hier en daar mooi beskrywings maar is verder van 'n middelmatige gehalte.

Neser se taal is vloeiend en sy woord-gebruik toon meer verhewendheid as ander skrywers van sy tyd.

Jepete (J.P. Toerien) se „Pieter Leseur of Di Gefalle Staatsman" (O.K. Nov. 1897 - Jul. 1898) is 'n novelle wat die moontlikheid van 'n roman besit maar te onafgerond is. Die plaslewe word in hierdie novelle baie kunstig uitgebeeld. Hy gebruik die held van die Novelle om 'n moraal te wys.

„Di Dri Broers" (O.K. Feb. 1904-Des. 1904) is ook 'n novelle met 'n moraliserende strekking. Die eenheid van die verhaal is swak en die karaktertekening bly by uiterlikhede. Soos 'n bioskoop vertoning spring hy rond en bont met die verhaal selfs sestig jaar terug in 'n Europese land.

Op/...

Op Prosagebied is Buys 'n romantikus. In Ons Klyntji het twee novelles verskyn. „'n Haastige Huwelik" (D.K. 1899-1909) is onder die skuilnaam Barbu geskryf. Dit is 'n spannende intrigeroman vol toevallighede en onmoontlikhede en dan eindig met 'n gelukkige huwelik waarby 'n sedeles gekoppel word.

„Terug in Lewe" (O.K. 1903-1909) is onder sy ander skuilnaam Darius Bendolf geskrywe. Dit is ook met so 'n boeiende intrigeroman soos „'n Haastige Huwelik" met dieselfde eienskappe maar die karaktertekening is 'n bietjie meer menslik.

„Ben Bos syn Kaskenades" (O.K. Okt. 1904) is aangename leesstof en die beskrywinge is baie realisties.

'n SE Storie (B.J. Wepener) (Okt. 1896) is van die tipiese „deus ex machina" romantiek. Daar is altyd verlossing byderhand selfs in die haglikste situasies.

„Tog Gekry" (deur Mof) bevat weer al die karaktertrekke van die sentimentele roman: held, skurk, handeling en 'n gelukkige huwelik.

Verhale wat veral die jongspan bekoor het was die dierestories, wat op boeiende en lewendige wyse vertel word, soos bv. „Dri Stories fan Wolf en Jakkals" en jagstories. Later moet die redaksie waarsku dat geen Wolf en Jakkals stories meer aangeneem sal word nie.

Die lesers het ook baie gehou van G.R. von Wielligh se grappige verhaaltjies soos „Jakob Platji". Die tipiese skerts en humor van die Hotnots is baie eg weergegee.

Onder „Blomme in Freemde Lande gepluk" verskyn 'n reeks kort verhale wat in Afrikaans verwerk is deur Jaduto (die latere Totius.)

S.J. du Toit het Europese volksverhale versamel. Sommige van hierdie volksverhale het hy aangepas by S.A. toestande. In Di Patriot het 'n reeks sulke verhale verskyn en in O.K. Feb. 1899 verskyn twee „Ware Spookstoriis".

Die/...

.Die meeste kort verhale in „Ons Klyntji" is dus diere stories, spookstories, liefdes- en vrystories en stories van bruilofte en verjaardagfeeste: „stof wat by die volkskunde tuishoort of op weg daarheen is".

Die twee werke „Di Koningin van Skeba" en die gedeelte van die „Sewe Duiwels" wat in O.K. voorkom is die hoogtepunt in die prosa van daardie tyd.

2. POESIE.

F.W. Reitz was een van die eerste Afrikaanse digters wat voor die Patriottyd gedig het en sy gedigte onderteken het. Die eerste Afrikaanse digters het hulle versies in Di Patriot gepubliseer. Die vernaamste digters uit Di Patriot is C.P. Hoogenhout, A.J. Herholdt, dr. J. Carel Voigt en J.D. Cilliers.

Vanaf 1896 word die meeste Afrikaanse gediggies in O.K. geplaas. Die vernaamste digters in O.K. was M.H. Neser en B.R. Buys (Barbu) „wat vaardigheid geleer het by hulle voorgangers maar geen vooruitgang op vroeër digwerk wys nie." En Blywende kuns het hulle nie gelewer nie maar hulle was baanbrekers. Neser se gedigte verskyn in „Di Patriot", „Ons Klyntji" en „De Goede Hoop".

Neser dig oor sy Vaderland „Ons Sonnige Afrika" (O.K. I) en besing die natuur-skoonhede van sy land en die wild wat troppe-troppe oor die vlaktes sweef. In „Di Klaaglied van di laaste Boesman" (O.K. 1896) mymer die Boesman oor die Lot-gevalle van sy nasie en die heerlike dae toe hulle oor die vlaktes rondgeswerf het.

Die „Liefde" in al sy vorms word deur Neser besing maar dit het maar meestal net by die sentimentele liefde gebly.

„Stoffel en Leni" (Jun. 1896) is so 'n liefdes-gedig met 'n vloeiende ritme en dramatiese slot.

"Die Roenboog" (Jul. 1896) is bloot rymelary dit het 'n

godsdienstige/...

godsdienstige strekking. Die reenboog is 'n teken van Gods trou en wyse bestuur terwyl „Di Fryer van nig Betti (Jul. 1896) wat verhaaltrant betref baie vlot en geestig is.

„Di Liifde gaan di geld te bowe" (Des. 1896) is 'n liefdesgedig vol erns en gevoel.

In „n Lente-aand Mymering" (Apr. 1897) is hy op sy beste want hier word sy stemming eg digterlik.

Neser het veral sy aandag bepaal by die vorm, die maat en rym - van die gedig, daarom is die poëtiese te oppervlakkig. Hy was 'n „vaardige liefdesdigter en soms 'n man van egte natuurgevoel."

B.R. Buys was meer 'n verskeidenheidsdigter en het ook soms onder die skuilnaam van "Barbu" geskryf.

Met „Dapper Dirkie Uys" (Nov. 1898) het hy die tweede prys behaal vir die beste historiese gedig. Die rym en ritme van die gedig is vloeiend. Dit lyk of hy uit die pad gegaan het om die rym van die reëls in die haak te kry. Verder is die gedig saai, met enkele dramatiese ligpunte.

In die Junie 1899 uitgawe begin hy met „Ons Geskiedenis op Rym" wat onderbreek is deur die Oorlog 1899-1902 en weer hervat is in Ons Klyntji in Desember 1905.

Buys het blykbaar die opvatting dat rymelary digkuns is en soos die opskrif aandui „op rym" is hierdie lang gedig ook goed op rym.

Volgens dr. P.J. Nienaber in „Ons Eerste Digters" het Buys sy beste werk gelewer onder die skuilnaam Darius Bendolf. Onder die naam verskyn gedigte soos „Di Mossi (Mei 1903) „Oujaarsdag Gedagtes (Julie 1903). Buys beskou „'n Teleurgestelde Minnaar" (Aug. 1904) as sy beste gedig. Dit is 'n sentimentele gediggie in soetvloeiende maat. 'n Paar gedigte word ook aan „Ons Klyntji" gewy. Sommige van die gedigte in „Ons Klyntji" is ook op musiek geset soos „ Afrikaner Liid" (O.K. II). „Hoe di Hollanders di Kaap ingeneem het" (O.K. II) is 'n historiese

gedig/...

historiese gedig in versvorm waarin du Toit op grappige wyse 'n ou Griekwa laat vertel hoe bang hulle was toe hulle die eerste skip sien. Die gedig self is 'n vertelling op maat en rym - digkuns is dit nie. Buys lewer sy beste werk op die prosagebied. Jepete (J.P. Toerien) se gediggies is van 'n stigtelike aard. So bv. word in „Folg my" die leser aangemoedig om die goeie te doen en die godsdienstige lewe dwarsdeur te volg. „Waarom? Daarom! Want" (Nov. 1897) en „Dag en Nag" (Feb. 1899) is ook voorbeelde van sulke stigtelike gediggies. „Dag en Nag" is waarlik 'n kunsstukkie. Die slot bevat die les

„Seg nooit di hoop faarwel ni,
Hoe donker ook di nag".

„Afrikaner Liid" (Nov. 1897) is op musiek geset deur Janetta Toerien. Sy gevoelens omtrent sy vaderland en volk vind nie die vertolking in 'n egte gevoel nie.

„Die Rollende Wiil" (Nov. 1897) is 'n politieke gedig die teen Oom Paul gerig.

„Amor" (O.K. IV) van Peteros Pruttelaar is 'n prosaiese gedig oor die uitwerking van die liefde op die mense.

Onder „Freemde Blomme" word gedigte geplaas wat uit Frans vertaal is deur Pauline Flamerguise.

'n Gevoelvolle gedig „Di Ontset fan Mafeking" (O.K. V) wat die lotgevalle van die vrouens en kinders treffend beskryf, bewys die deelneming van die Afrikaners met die lydende deel van die volk.

So is daar nog baie ander gediggies soos „Di Nederige Huisie" (V), „Myn Oupa" (VI), „Afskeidslied" ens. wat in die tipiese digterstraat van daardie tyd is. Hulle is meestal versies op rym en maat met baie selde ware kunsgevoel.

Hierdie digters se selfkennis moet bewonder word en as baanbrekers het hulle veel bygedra oz hulle tyd Afrikaans bewus te maak.

Jaduto, die latere Totius van die Tweede Taalbeweging,

het/...

het verskeie vertalings van gedigte uit ander tale gemaak bv. „Di Hyde-Rosi" uit Goethe, „Kain aan die oefer fan die Meer (Leopold) en „Lenore" van Burger.

DIE KULTUURHISTORIESE WAARDE VAN OMS KLYNTJI.

Die kultuurstrewe van Die Afrikaanse Patriot en Ons Klyntji was om die Afrikaanse taal erken en gerespekteer te kry. Daarom het hulle spesifiek hulle doel geformuleer met die taal eerste. „Om te staan ver ons Taal, Ons Nasi en ons Land." Toe Di Patriot verskyn het, het die Kaapse Sinode twee dae bestee om die taal van die Patriot tee te werk. Die leraars van die gemeentes het opdrag ontvang om die verspreiding van Di Patriot in hulle gemeentes kragtig tee te werk. Duisende pamflette is gedruk en versprei met die versoek dat Di Patriot tog nie gelees moet word nie. Selfs in die skole is dwang en dreigemente teenoor die leerlinge uitgeoefen as hulle durf waag om Di Patriot skool toe te bring.

Nieteenstaande hierdie kwaai teenstand op kerklike, politieke en maatskaplike gebied is die saak eerder bevorder as afbreuk gedoen. Na die voorbereidende werk van Di Patriot is die baanbrekerswerk deur O.K. voortgesit en met sukses bekroon. Langsamerhand het die volk tot die besef gekom van hulle eie nasieskap.

In O.K. is nie so baie propaganda gemaak vir Afrikaans as wat daar gemaak is in die Hollandse tydskrifte vir Nederlands nie. Die propaganda en didaktiek was geleë in die bydraes self. So byv. was „Di Koningin fan Skeba" in taal en styl alreeds 'n aanbeveling vir Afrikaans.

Ds. Cachet het onder die skuilnaam Neef Jan „Di Afrikaanse Taal" laat verskyn. Dit is nie 'n kunsgedig nie maar 'n gedig wat sekerlik taalgevoel by die lesers opgewek het. Dit is 'n allegoriese gediggie en baie aangrypend. Die taal spreek as 'n jong meisie.

"Ek/...

„Ek is 'n arme Boerenoi,
By vele min geag,
Maar tog is ek van edel bloed,
En van 'n hoog geslag."

Gedigte om Vaderlandsliefde, wat nou verwant is met die taal, aan te wakker, het ook verskyn soos Neef Jan se „Di Mislukte Jameson Komplot" en Volblood Afrikaner se „Di Infal van Jameson en syn rowersbende" (O.K. I.)

Ons Klyntji was nie vir die „hoggeleerdes bedoel nie want hulle het genoeg literatuur gehad om hulle te bevredig en niemand sou geleerdheid daarin gesoek het nie, maar dit was bedoel om by die jonggeslag en minder bevoorregtes leeslus en liefde vir die Afrikaanse taal op te wek."

Di Patriot en Ons Klyntji het bewys waartoe die Afrikaanse taal in staat was. En alhoewel dit meestal volkskuns was, was dit 'n aanduiding dat die taal net so 'n goeie middel was vir hoëre vlugte. As die volk eers besiel is met die ideaal van 'n eie taal en eie nasie sal die ware kunsgevoel mettertyd ontwikkel. Daarom het die redaksie sy bes gedoen om die min lesende deel van die bevolking te bereik en vertroue by hulle in te boesem deur in hulle eie taal tot hulle te spreek.

'n Belangrike werk van die G.R.A. was die uitgawe van die Patriot Woordeboek wat in O.K. VII aangekondig word. Dit was in Afrikaans-Engels en Engels-Afrikaans. Dit het ongeveer 1100 suiwer Afrikaanse woorde bevat en was 'n belangrike faktor in die bevorderi ng van Afrikaans.

Die uitgawe van Di Patriot en Ons Klyntji in Afrikaans en die toenemende getal intekenare loënstraf wat hoogregter de Villiers beweer het in sy berugte toespraak op 13 Mei 1876 in Kaapstad nl. dat Engels uiteindelik die taal van Suid-Afrika sou word en bly. Die halfhartige Afrikaners wat hulle stilswygend in die verengelsing berus het, het ook beskaamd daarvan afgekom.

DIE/...

DIE ONDERGANG VAN ONS KLYNTJI.

Ons Klyntji het verskyn vanaf Maart 1896 tot Des. 1905 met 'n breuk van Maart 1902 tot Febr. 1903 toe die uitgawe tydelik gestaak was.

Reeds van die begin van die verskyning van O.K. het die redakteur onder verdenking gestaan van sy veranderde politieke sienswyse. Skrywers soos Totius (dr. J.D. du Toit) prof. Brümmer, Adv. J.H.H. de Waal e.a. het wel soms bydraes gestuur, maar het hulle self op 'n afstand gehou. „Die dubbelslagtige karakter van „Ons Klyntji" in die nasionaal-bewoë tyd van 'n stryd om lewe en dood het die blad kwaad berokken - onberekenbare kwaad". So bv. gee die redakteur beknopte bewensbeskrywings van Genl. Joubert en Genl. Buller (O.K. Nov. 1899). Onder die opskrif „Di Helde fan Mafeking" (Des. 1899) verskyn die portret van genl. Piet Cronjé naas die van Baden-Powell.

Ds. du Toit se verhouding met genl. Joubert en Die Afrikanerbond van die Kaap Kolonie, weens die anti-republikeinse politiek wat hulle nagestreef het, het hom „stinkende laat word in veler neusgate". Hy het hom aktief beywer tengunste van die Kaapse politiek i.v.m. die spoorweë en Tolverband terwyl die S.A. Republiek daarin 'n bedreiging van hulle onafhanklikheid gesien het. Sy anti-republikeinse houding blyk ook du ik uit sy vervolgverhaal „Liifde in Oorlog".

Ds. du Toit en Di Patriot het Rhodes, wat hom voorgedoen het as 'n Engelssprekende Afrikaner, heelhartig ondersteun. „Rhodes se geld" was die publiek se verklaring vir ds. du Toit se veranderde politiek alhoewel dit nie kon bewys word nie. Baie intekenaars het bedank en baie medewerkers het hulle steun onttrek. Daarby het die streng fonetiese spelling baie afgeskrik want hulle het geredeneer dat hulle kinders dan met die aanleer van Hollands baie moeilikhede sou hê. Die oorlog van 1899-1902 het verder die genadeslag toegedien aan die Tydskrif.
Die gehalte van die blad het baie gedaal gedurende die oorlog en

nangehou/...

**Author** Combrinck W G
**Name of thesis** Die Hollandse en Afrikaanse Letterkundige tydskrifte van Suid Afrika 1944

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.